# Lekkerbekkie en die reënboog



Naam:

Lees die storie oor Lekkerbekkie aandagtig saam terwyl jou opvoeder dit voorlees. Luister mooi na die uitspraak van die woorde, want jy gaan ook later die storie hardop lees.

Voordat jy die storie lees, werk saam met ŉ maat

- Lees die titel van die storie.
- Kyk na die prentjie in die storie.
- Besluit saam waaroor julle dink die storie gaan.
- Soek die woord: Reënboogkoekies. Tel hoeveel keer dié woord in die storie voorkom.
- Wat dink julle is reënboogkoekies? Hoe lyk die koekies? Hoe sal reënboogkoekies proe?

## *Lekkerbekkie en die reënboog*

Uit: Anna Emm, 2012. Lekkerbekkie en die Reënboog. Lekkerbekkie: e-tydskrif vir ouers en kleuters, bl 1.

Dis Lente in die bos en al die diere is sommer vrolik! Dit het vroeg vanoggend gereën en alles in die bos blink. Alles ruik so vars! Lekkerbekkie Muis kyk op in die lug en sien 'n reënboog. "Wat is dit daardie?" vra hy vir die voëltjies. "Dis 'n reënboog, Lekkerbekkie Muis!" tjirp die voëltjies vrolik. "Maar waar begin die reënboog en waar eindig hy?" vra Lekkerbekkie Muis weer. "Niemand weet nie," fluister die hasies, "maar hulle sê aan die einde van die reënboog is 'n groot pot vol reënboogkoekies!"



Lekkerbekkie Muis lek sy lippe af! Reënboogkoekies! Dit sal mos nou heerlik wees as hy die pot vol reënboogkoekies aan die einde van die reënboog kan kry. Sy maag grom sommer van die honger.
"Ek gaan die einde van die reënboog soek!" sê Lekkerbekkie Muis en hy stap in die paadjie af na die reënboog toe.

Lekkerbekkie Muis stap ver tot daar naby die reënboog, maar hy kry nie die einde nie. Die reënboog se punt stap weg vir hom!

"Staan stil!" roep Lekkerbekkie Muis, en hy begin 'n bietjie vinniger loop na die reënboog se punt toe. En kan jy dit glo? Die reënboog loop ook 'n bietjie vinniger!

"Wag vir my!" roep Lekkerbekkie Muis, en hy begin hardloop na die reënboog se punt toe. Maar o aarde. Die reënboog hardloop weg! Lekkerbekkie Muis hardloop en hardloop tot daar waar hy die reënboog se punt kan sien, en dan gee hy een groot sprong! Hy gryp na die reënboog, maar hy gryp net lug, en hy val plat op sy pens!

Toe Lekkerbekkie Muis regop sit, is die reënboog weg. Hy voel sommer lus vir huil! So 'n ongehoorsame reënboog.



"Toemaar, Lekkerbekkie Muis!" tjirp die voëltjies bo sy kop. "Die reënboog wil nie gevang wees nie. Ons sal vir jou reënboogkoekies bak!" "Regtig?" vra Lekkerbekkie Muis en droog sy trane af. "Regtig!" lag die voëltjies.

Al die voëltjies van die bos kom bymekaar, en hulle bring doudruppels en heuning en bessies. Hulle bring 'n bietjie meel, 'n bietjie melk, en eiers. Hulle meng en meng, en knie en knie, en hulle bak die hele middag lank.

Die volgende oggend toe Lekkerbekkie Muis wakker word, is daar 'n groot pot reënboogkoekies voor sy deurtjie! En hoog bo in die lug sit die mooiste reënboog wat hy nog ooit gesien het!

**Werk nou op jou eie en beantwoord die volgende vrae:**

1. Watter soort diertjie is Lekkerbekkie?

______________________________________________

______________________________________________

2. Maak 'n lys van al die karakters in die storie.

______________________________________________

______________________________________________

3. Wat het die voëltjies vir Lekkerbekkie vertel kan hy aan die einde van die reënboog kry?

______________________________________________

______________________________________________

4. Waar speel die storie af?

____________________________________________________

5. In watter tyd van die jaar speel die storie af?

____________________________________________________

6. Hoekom was Lekkerbekkie hartseer en het hy gehuil?

____________________________________________________

____________________________________________________

7. Wat het Lekkerbekkie die volgende oggend voor sy deur gekry?

____________________________________________________

____________________________________________________

8. Maak ŉ lys van bestanddele wat die voëltjies gebruik het om die koekies te bak.

____________________________________________________

____________________________________________________

**Oefen om hardop te lees**

Kies so 15 na 20 reëls uit die storie om hardop te lees. Oefen in jou kop tot jy dit vlot en met die regte stemtoon kan lees. Lees dit dan vir ŉ maat.

2. Gebruik die tabel hier onder om jou maat te help.

| **Jou maat se naam:** | | | |
|---|---|---|---|
| **Jou naam:** | | | |
| Jou maat doen dit: | **Goed** | **Gemiddeld** | **Nie goed nie** |
| Lees vlot, sonder om vas te haak | | | |
| Wys met gesig en stem hoe die karakter voel | | | |
| Gebruik stem om vrae en beklemtoning te wys | | | |
| Gebruik die regte tempo | | | |
| Maak oogkontak | | | |

# Antwoord



Laat leerders die pre-lees aktiwiteit selfstandig voltooi. Lees daarna die teks een tot twee maal vir die leerders deur. Moedig leerders aan om onbekende woorde in die teks te onderstreep, op te soek en in hulle persoonlike woordeboeke neer te skryf. Leerders werk op hul eie om die vrae te beantwoord. Herinner leerders om die vrae so ver as moontlik in volsinne te beantwoord.

Leerders voltooi die hardoplees-aktiwiteit in pare.

**Voorgestelde antwoorde:**

1. Watter soort diertjie is Lekkerbekkie?
   ***Lekkerbekkie is ŉ muis.***
2. Maak ŉ lys van al die karakters in die storie.
   ***Lekkerbekkie Muis, voëltjies, hasies, ŉ hoendertjie en ŉ bokkie.***
3. Wat het die voëltjies vir Lekkerbekkie vertel kan hy aan die einde van die reën boog kry?
   ***Hulle het hom vertel dat hy ŉ pot vol reënboogkoekies aan die einde van die reënboog sal kry.***
4. Waar speel die storie af?
   ***In die bos waar die diere woon.***
5. In watter tyd van die jaar speel die storie af?
   ***Die storie speel in die lente af.***
6. Hoekom was Lekkerbekkie hartseer en het hy gehuil?
   ***Lekkerbekkie het gehuil omdat hy nie die einde van die reënboog kon kry nie.***
7. Wat het Lekkerbekkie die volgende oggend voor sy deur gekry?
   ***ŉ Groot pot vol reënboogkoekies.***
8. Maak ŉ lys van bestanddele wat die voëltjies gebruik het om die koekies te bak.
   ***Doudruppels, heuning, bessies, meel, melk en eiers.***